**26 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 80**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 80:5**

## God se wingerdstok

Hierdie psalm is nóg ‘n klaaglied oor God se toorn oor die sonde van sy volk. Hy het Israel soos ‘n wingerdstok uit Egipte op die voorbereide Kanaän oorgeplant. Hy het sy volk met soveel liefde gekoester, want daar moes hulle vrugte dra. Israel het egter teleurgestel en daarom het Hy die wingerdstok aan verwoesters oorgegee. Dit is kaalgepluk, afgewei, verbrand en afgekap. Die digter smeek (vs. 5): “Here, almagtige God, hoe lank nog sal U afsydig staan teenoor die gebed van U volk?”

Ken ons nie ook hierdie byna wanhopige pleitroep tot God in nood nie! Hoe kan ook ons beproewings en ellende soms voortduur en selfs vererger: dié siekte, dié gebrek, dié kwelling, dié eensaamheid …

Vir Israel was die lyding straf op hul sonde. Vir ons sal dit nooit wees nie, want uit Israel het die loot gespruit wat van Homself gesê het (Joh. 15:1, OAV): “Ek is die ware wynstok en my Vader is die landbouer.” Wie uit Hom leef, is die lote. Ons lyding is dus slegs beproewing, want die straf het Hy gedra. Dit is nou net snoeiwerk, sodat ons meer vrugte kan dra. Ons geloofswortels moet dieper reik, want ons ranke moet verder sprei, uit oor die hele akker waar ons vrugte moet dra. God alleen weet wie Hy met ons vrugte wil voed om te proe aan die ewige heilsaamheid wat Christus alleen kan bied.

Hoe lank dus nog, o Here? Tot Hy op sy tyd weer sy guns my bied. Intussen bid ek om soos Paulus, ‘n “behae” te mag kry in my swakhede, mishandelinge, node en vervolginge, want as ek swak is, dan is ek sterk (2 Kor. 12:10, OAV).

*Sing: Psalm 80:5-8 (melodie Ps. 105)* *Ds Cornel Nagel (Messina)*